Sandterapie vir die berader in ‘n neutedop:

Sandterapie kan vanuit verskeie teoretiese benaderings beoefen word. So kan dit in die Jungiaanse sielkunde gebruik word om metafore te interpreteer, en betekenis te heg aan spesifieke objekte.

Die berader wat egter nie opgelei is in hierdie spesifieke (Jungiaanse) tegniek of teorie nie (of selfs nie gemaklik voel daarmee nie), kan egter steeds op eiesoortige wyse van sandterapie gebruik maak.

Sandterapie bied ‘n nie-bedreigende uitdrukkingswyse vir die kliënt. Tydens die sandterapie-sessie word die sandbak die kliënt se wêreld, en word daar met behulp van verskeie miniatuur-objekte ‘n mikro-kosmos geskep, wat verteenwoordigend van die kliënt se wêreld kan wees.

Die berader dien egter bloot as fasiliteerder van die proses, en die betekenismaking berus by die kliënt.

Dis belangrik om daarop te let dat, alhoewel dit mag lyk asof sandterapie net vir kinders gebruik kan word (aangesien dit soos tipiese kinderspel lyk), dit ook met groot sukses vir volwassenes gebruik kan word.